Oosies NUUSBRIEF 2026
WERK EN OORWIN
Ons omgee-uitleefskool waar ons met passie potensiaal ontsluit
#trotseoosie #laatdieblougolfrol #hierbouonsjoutoekoms

**03/2026** **22 Januarie 2026**

## UIT DIE HOOF SE KANTOOR

Beste Oosie-ouers, voogde en leerders

Die interhuisbyeenkomste vir swem en atletiek is nou agter die rug en soos altyd was dit gevul met spesiale oomblikke. Al is leerders nie altyd ewe opgewonde om deel te neem nie, verras hulle ons elke keer met iets besonders wat vir groot glimlagte sorg. Een so ’n hoogtepunt was beslis die groepie seuns wat in hul Sixty60-uitrustings opgedaag het – dit was pure pret en het almal laat lag!

Dit is vir my regtig ’n riem onder die hart om te sien hoe ons leerders betrokke raak by hierdie byeenkomste, of dit nou is om deel te neem, of om langs die baan te staan en hul interhuisspanne uit volle bors te ondersteun. Hierdie gees van saamstaan en skooltrots is iets besonders, en ek is ongelooflik trots op elke Oosie.

Ek wil graag uit my hart dankie sê vir elke ouer wat bygedra het tot ons atletiekverkope – hetsy deur produkte te skenk, te help verkoop of net daar te wees om te ondersteun. ’n Spesiale dankie ook aan al ons ma’s en pa’s wat gehelp het met die voorbereiding van die kos, die braai, die bou van hamburgers en al die agter-die-skerms werk. Julle betrokkenheid en bereidwilligheid maak ’n enorme verskil, en dit word regtig opreg waardeer. Ons weet die tye is nie maklik nie, en juis daarom beteken elke bydrae vir ons soveel.

Intussen oefen ons Graad 8’s elke middag hard vir die Groentjiekonsert wat volgende week aangebied word. Daarna wag hul amptelike inhuldigingseremonie, die spesiale oomblik wanneer elkeen die klok by die Oosie Triomf gaan lui en amptelik ’n Oosie Druppel word. Só begin ’n nuwe en opwindende hoërskoolpad van vyf jaar, vol nuwe vriende, geleenthede en uitdagings. Ek sien met groot opgewondenheid uit daarna om hulle en ons ander nuwe leerders te sien groei en ontwikkel, en moedig hulle aan om met vrymoedigheid aan die skool se aktiwiteite deel te neem.

Ek is ongelooflik dankbaar vir my personeel. Julle dae is lank en vol, en die jaar wat voorlê gaan beslis uitdagend wees, maar julle toewyding, passie en harde werk maak elke dag ’n verskil in ons leerders se lewens.

’n Bietjie minder goeie nuus: die Departement van Onderwys het skole in kennis gestel dat daar vanjaar geen fondse beskikbaar is vir die instandhouding van skoolgeboue nie. Dit plaas groot druk op ons almal – die skool, ouers en die breër gemeenskap. Om ons hiermee te help, gaan ons deur die jaar spesifieke projekte in die nuusbrief uitlig en vra vir skenkings van materiale soos oorskot boubakstene, plaveistene, staal en soortgelyke items (sien projekte in die brief). Dit kan selfs materiaal wees wat net by die huis rondlê en wat vir ons van groot waarde kan wees.

Laastens wil ek van hierdie geleentheid gebruik maak om ons Sporthoof, mnr B Pretorius, hartlik geluk te wens met sy aanstelling as die o.18A Blou Bulle Cravenweek-afrigter. Dit is ’n besonderse prestasie en ’n groot eer, nie net vir hom persoonlik nie, maar ook vir Hoërskool Oos-Moot. Ons is ongelooflik trots op u!

Saam, met elkeen se klein bydrae, kan ons steeds sorg dat Hoërskool Oos-Moot ’n plek bly waar ons kinders veilig, gelukkig en met trots kan leer en groei.

Met vriendelike groete
Me S Theron
HOOF


## ALGEMEEN

### Belangrike datums en kontakbesonderhede

- 23 Jan. : Atletiek (Zwartkop)(weg)
- 27 Jan. : Groentjiekonsertoptrede (leerders)
- 28 Jan. : Groentjiekonsertoptrede (ouers)
- 29 Jan. : Akademiese Prysuitdeling
- 30 Jan. : Gr.8 DAT toetsing
- 30 Jan. : Atletiek: Heidelberg (weg)
- 3 Febr. : All Stars: Ouervergadering

### Kommunikasiekanale

### d6 Kommunikasie-Toepassing (App)




**Belangrike Kennisgewing: d6 toepassing verandering**

d6 het 'n d6 toepassing (App) verandering gemaak.
Die d6 Communicator (blou toepassing) word voortaan die enigste toepassing (App) vir skoolkommunikasie vanaf d6.

HOE OM DIE TOEPASSING (APP) AF TE LAAI

Navrae kan gerig word aan: appsupport@d6.co.za
Dankie vir u samewerking.


### Oosies Kommunikasiekanaal

Bly ingelig – elke dag!
Vanaf 2026 gebruik ons hierdie kommunikasiekanaal as 'n bykomende platform om seker te maak dat ouers altyd op hoogte bly. Ons wil beslis nie hê u moet vanjaar enige belangrike nuus misloop nie.

Ons nooi ouers en leerders om aan te sluit deur die QR-kode te skandeer.

Skoolrelevante inligting (akademie, sport, kultuur) en algemene skoolsake sal daagliks hier beskikbaar wees.

Sluit vandag aan!




### Belangrike dokumentasie vir ouers

Die volgende dokumentasie **moet asseblief voor of op 30 Januarie 2026** ingehandig wees:

- Algemene voorwaardes en toelatingsbeleid
- Skoolfonds betalingsooreenkoms
- Gedragskode
- Selfoonvrye skoolomgewing

### 2025 Jaarblaaie

Die 2025 jaarblaaie sal in die eerste week van Februarie beskikbaar wees. Ouers sal in kennis gestel word.

### Parkeerruimtes voor die skool in Haarhoffstraat

***Belangrike kennisgewing**: **Oggend-aflaai en verkeer***

Weens die beperkte parkeerruimte voor die skool, wil ons ouers **vriendelik maar dringend versoek** om, **nadat leerders soggens afgelaai is, onmiddellik weer te ry.**

Voertuie wat langer stilhou, veroorsaak ernstige verkeersopeenhopings en belemmer veilige en vinnige toegang vir ander ouers.

U samewerking is noodsaaklik om orde, veiligheid en doeltreffende verkeersvloei tydens die oggendspits te verseker. Baie dankie vir u begrip en ondersteuning.

**Graad 8: Groentjiekonsert optredes**

Optredes

| | | |
|---|---|---|
| Datums | : | 27 Januarie (vir leerders)<br>28 Januarie (vir ouers) |

Kaartjies

| | | |
|---|---|---|
| Verkope | : | 21 tot 27 Januarie. |
| Tyd | : | Slegs tydens POUSE |
| Plek | : | K49 |
| Betaling | : | Kontant of Kaart |

*Belangrik: Slegs leerders mag kaartjies in pouse kom koop.*

## AKADEMIE

**Akademiese uur**

Graad 12 IGO-leerders

Verpligte akademiese uur vir alle graad 12 IGO-leerders.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 28 Januarie |
| Rede | : | PAT-doeleindes |

**Graad 8: DAT-toetsing**

Daar sal 'n aanlegtoets (DAT) met die graad 8-leerders gedoen word om hoërskool gereedheid te ondersoek en om 'n leerder se sterkpunte in verskeie vakrigtings te bepaal. Dit is GRATIS.

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 30 Januarie |
| Tyd | : | Skoolure |

'n Skrywe sal aan die leerders uitgegee word. Voltooi asseblief die skeurstrokie en stuur so gou moontlik terug na die graadvoog.

**Toetsrooster: Kwartaal 1**

Die toetsrooster vir die eerste kwartaal sal Maandag, 26 Januarie aan leerders uitgegee word, en op die skool se webwerf beskikbaar gestel word.

**Akademiese Prysuitdeling**

Die betrokke leerders het 'n skrywe ontvang.

Reëlings

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 29 Januarie |
| Tyd | : | 17:30 vir 18:00 |
| Plek | : | Skoolsaal |

Kleredrag

Formele Oosiedrag

- Amptelike wintersdrag van die skool
- Skoolkleurbaadjie is verpligtend
- Dogters dra kort blou sokkies
- Lede van die Matriekraad dra hul formele Matriekraaddrag.

*Belangrik:*
*Pryswenners moet voor 17:00 aanmeld in die vierkant waar register geneem sal word.*

## DISSIPLINE

**Voorkoms**

Ons herinner graag ouers en leerders om die skoolreëls rakende voorkoms na te gaan, met spesifieke verwysing na die reëls vir seuns se hare.

Vergewis u asseblief daarvan dat alle leerders aan hierdie voorskrifte voldoen.

Leerders wat nie die voorkomsreëls nakom nie, sal volgens die skool se gedragskode hanteer word.

## SPORT

**SPORTUITSLAE**
**Let asseblief daarop dat sportuitslae eers gepubliseer word nadat dit amptelik geverifieer is deur die betrokke instansie. Uitslae sal dus nie altyd onmiddellik beskikbaar wees nie.**
**Dankie vir u begrip.**

**ATLETIEK**

**Afrigters en oefentye**

Die inligting is op die skool se webwerf beskikbaar.

**Byeenkomste**

Datums van byeenkomste.

| | | |
|---|---|---|
| Byeenkoms | : | H/S Zwartkop |
| Datum | : | 23 Januarie |

Program

Reëlings vir atlete

| | | |
|---|---|---|
| Vervoer | : | Per bus vanaf die skool |
| Vertrektyd | : | 13:00 en keer terug na afloop van die byeenkoms . |
| Atletiekdrag | : | Atlete verklee tydens pouse in hul atletiekdrag. |

*Belangrik: 'n Toestemmingsbrief/vrywaringsvorm moet ingehandig word voordat 'n leerder op die bus toegelaat sal word.*

**BERGFIETSRY**

**Ouervergadering**

Ons Bergfietsry ouers word genooi na 'n vergadering:

| | | |
|---|---|---|
| Datum | : | 2 Februarie |
| Tyd | : | 17:00 vir 17:30 |
| Plek | : | LO-saal |

**HOKKIE**

**Proewe**

Die o.14 proewe is op 24 Januarie.
Tye sal in die WhatsApp groepe bevestig word.

**WhatsApp-groepe**

Ons nooi graag die leerders wat wil hokkie speel en hulle ouers uit om by die Whatsapp Groepe in te skakel. Belangrike inligting rakende die oefeninge, proewe, wedstryde en die toere word daarop uitgestuur.

- *Meisies*
- *Seuns*
- *Ouers - seuns*
- *Ouers - meisies*
- *Doelwagters*

**Voorseisoen-oefentye (Januarie)**

| Maandae en Woensdae | |
|---|---|
| Tyd | Groep |
| 15:00 tot 17:00 | Senior seuns en dogters |
| 17:00 tot 19:00 | o.14 seuns en dogters |

| **Dinsdae en Donderdae** | |
|---|---|
| 15:00 tot 17:00 | o.15 en o.16 dogters |
| 17:00 tot 19:00 | o.15 en o.16 seuns |
| **Vrydae** | |
| 15:00 tot 17:00 | Spesialis afrigting<br>Doelwagters en *strikers/drag flick*<br>(Sal bevestig word) |

Belangrik:

- Oefentye sal na afloop van die groentjiekonsert en met inagneming van die atletiek/krieketseisoene aangepas word.
- Gr 8's en enige ander leerders wat nog nooit hokkie gespeel het nie, is baie welkom om in te skakel by die hokkie.

**Toere**

Soos in 2025 deurgegee, gaan die A- en eerste spanne vanjaar op toer.

Daar sal tydens die Maart skoolvakansie 'n kliniek vir die B- en tweede spanne gehou word.

Die oefengroepe vir die o.15- tot eerste spanne is reeds in 2025 gekies, en die finale toerspanne sal so spoedig moontlik bekendgemaak word.

Borgbriewe vir die toer is by Me. L. Steyn in k102 beskikbaar.

Toerbriewe is reeds op die WhatsApp-groepe uitgestuur en sal binnekort op die skool se webwerf beskikbaar wees.

Toerdatums

## KRIEKET

**Bepalings**

Die krieketbepalings vir die onderskeie spanne is op die webwerf beskikbaar.

## SWEM

Aanpassing

Die swemgala van 12 Februarie vind nou by Woodhill College plaas.

## NETBAL

**Proewe 2026**

Die netbalproewe vir 2026 vind vroeg in Januarie plaas.

Tydskedule

| Datum | Ouderdom | Tyd |
|---|---|---|
| 26 /27 Febr. | o.14-o.17 | Finale rondte |

## TENNIS

Oefentye

Oefening het op 19 Januarie begin.

Dae : Maandae
Tyd : 14:15 tot 16:00
Plek : Oos-Moot sportgronde

# KULTUUR

## KOOR

**Oudisies**

Die oudisies vind soos volg plaas:

Graad 11 en 12

Datum : 22 Januarie
Tyd : 17:30
Plek : Skoolsaal

Tweede rondte oudisies

Datum : 22 Januarie
Tyd : 18:00
Plek : Skoolsaal

**Oefening**

Begindatum : 29 Januarie
Dae : Donderdae
Tyd : 17:30 tot 20:00
Plek : Skoolsaal

Navrae kan gerig word aan a.smith@oos-moot.co.za.

## ALL STARS

**Oefeninge en Ouervergadering**

Die All Stars **begin amptelik oefen** op die datum hieronder aangedui.

Datum : 3 Februarie
Tyd : 18:00 - 20:00
Plek : Skoolsaal

***Let wel*** *die oefening sal* gevolg word deur die **ouervergadering om 20:00**.

# PROJEKTE

**Boubakstene benodig!**

Die skool benodig tans boubakstene vir instandhouding en sal skenkings opreg waardeer!

***Ouers wat oor oorskot boubakstene beskik of stene het wat net in die erf rondstaan, word vriendelik versoek om dit, indien moontlik, aan die skool te skenk.***

Hierdie bydraes help ons geweldig om noodsaaklike herstel- en instandhoudingswerk te kan aanpak.

Reëlings vir die oplaai van die stene kan getref word deur ons Geboue- en Terreinkantoor te kontak by (012) 332 0601 of per e-pos by geboue@oos-moot.co.za.

Ons opregte waardering!

# SOSIAAL

**Sosiale komitee (ouers en leerders)**

Sluit aan by ons Sosiale komitee!

Die skool hou deur die jaar verskeie sokkies, balle en ander prettige funksies.

Ouers en leerders wat graag betrokke wil raak en saam wil help om hierdie spesiale oomblikke onvergeetlik te maak, word hartlik uitgenooi om me T Jordaan te kontak by jordaant@oos-moot.co.za of haar in K18 te kom sien.

Kom help ons om ons skool se sosiale lewe regtig te laat sprankel!

**Matriekafskeid 2026**

Die inligtingskrywe rakende die Matriekafskeid 2026 is reeds aan alle matriekleerders uitgedeel en is ook beskikbaar op die skool se webwerf .

Die matriekafskeid is 'n belangrike hoogtepunt vir ons leerders. Ouers word vriendelik aangemoedig om reeds nou te begin met betaling of afbetaling van die kostes soos uiteengesit in die brief.

**'n Eenmalige betaling of maandelikse afbetalings moet asseblief voor of op 1 Augustus 2026 afgehandel wees**, aangesien die skool teen daardie datum verskeie uitgawes rondom die venue en ander reëlings moet afhandel.

## NUUSBRIEFADVERTENSIES

Adverteer in ons skool se nuusbrief. Kostes en volledige inligting by die skakel.




**ADVERTEER IN ONS NUUSBRIEF 2026**

*Die nuusbrief word weekliks versprei via die skool se d6 Connect toep en per e-pos na ons ouers (2000+), personeel en leerders gestuur. Die brief word ook op die skool se webwerf (www.oos-moot.co.za) geplaas waar dit die hele jaar beskikbaar is.*

**Kostes vir 'n A6 advertensie**

| | |
|---|---|
| 1 plasing per maand | R350 |
| 2 plasings per maand | R550 |
| 3 plasings per maand | R750 |
| 4 plasings per maand | R950 |
| Plasing vir die hele jaar | Maandelikse bedrag x 11 (% afslag) |

**A4 advertensie ook beskikbaar op versoek.*

**Formaat**
- *Advertensies met 'n voor- en agterblad word as twee advertensies beskou.*
- *Advertensies moet in 'n elektroniese formaat gestuur word (JPEG of PNG).*
- *Geen PDF of geskandeerde advertensies word geplaas nie.*
- *'n Advertensie sal slegs geplaas word na goedkeuring en betaling.*
- *Let wel: "Landscape" formaat advertensies moet gedraai word om in die "portrait" spasie te pas.*

**Stel jy belang?**
*Kontak Mariëtte Senekal by webblad@oos-moot.co.za*







